JONKERSHOEK SRA

# MISDAAD | CRIME BULLETIN

Februarie | February 2024

## A. Sekuriteitsaktiwiteite

Gedurende die maand het die JSRA Sekuriteitsbeamptes die volgende suksesse gehad:

Kampussekuriteit het inligting deurgegee dat 'n verdagte 'n fietswiel vanaf 'n fiets gesteel het. Die JSRA voertuie het bystand gegee en die verdagte opgemerk in die Van Riebeeckstr-omgewing. Die fietswiel is in besit van die verdagte gevind. Die verdagte is deur die JSRA sekuriteitsbeamptes aangekeer en aan Kampussekuriteit oorhandig.
Die klaer in die saak is ook opgespoor, maar het ongelukkig besluit om nie 'n kriminele saak te open nie.
Die verdagte is gewaarsku en laat gaan.

Die JSRA Sekuriteitsbeamptes het vir die SAPD bystand verleen mbt 'n verdagte wat deur die SAPD gesoek word vir poging tot moord in die Jonkershoekvallei area. Die JSRA Sekuriteitsbeamptes het die verdagte opgespoor, die SAPD gekontak en die verdagte aan die SAPD oorhandig.

'n Versoek het ook van die Stellenbosch reaksiegroep deurgekom dat die Sekuriteitsvennote bystand moet verleen met die soek van twee verdagtes wat by 'n voertuig in die Dalsig-omgewing ingebreek het.
Die twee verdagtes is in samewerking met die Sekuriteitsvennote aangekeer. Die JSRA beampte op die toneel het een van die verdagtes uitgeken, wat vroeër die maand ook betrokke was by die diefstal van 'n fiets in die Mostertsdrift-omgewing. Die verdagte en die inligting mbt die saak is aan die SAPD oorhandig. Die verdagte is gearresteer vir die diefstal van die fiets in die Mostertsdrift-omgewing.

Die JSRA beamptes het ook bystand verleen met 'n verdagte wat vermoedelik betrokke was by die diefstal van 'n fiets. Terwyl hulle besig was met die saak het een van die JSRA Sekuriteitsbeamptes 'n vrou opgemerk wat vermoedelik vroeër 'n selfoon uit 'n winkel gesteel het. Die eienaar van die winkel is gekontak en die verdagte persoon is aan die SAPD oorhandig.

Die JSRA is ook deur die eienaar van 'n winkel gekontak, wat gevra het dat die JSRA beamptes sy kruideniers-trollie, wat deur 'n verdagte geneem is, moet probeer terugkry. Die persoon met die trollie is gevind en oorhandig aan die eienaar.

Die JSRA Sekuriteitsbeamptes het nog 'n klagte en versoek van die Stellenbosch Reaksiegroep ontvang vir bystand. Die JSRA Beamptes en ander vennote het bystand verleen en drie verdagtes wat kabels gesteel het, is aangekeer en aan die SAPD oorhandig.

Daar is ook 'n voorval van diefstal gewoon aangemeld. Die verdagte het die klaer se selfoon uit haar handsak geneem terwyl sy besig was met haar inkopies. Die eienaar van die winkel het die JSRA in kennis gestel. Video-materiaal is nagegaan en die moontlike verdagte voertuig is geïdentifiseer. Die videomateriaal is gestoor vir verdere ondersoekdoeleindes.

| Februarie 2024 | | |
|---|---|---|
| **JSRA** | **Laan Area** | **Klagtes** |
| ± 129 | ± 132 | Verdagte persone (insluitend swerwers, bedelaars, smouse, ens.) |
| ± 28 | ± 7 | Verdagte voertuie |
| ± 37 | ± 5 | Oop hekke / motorhuisdeure / veiligheidsdeure / huisdeure |
| ± 39 | ± 12 | Verdagte aktiwiteite (blaf van honde, alarms, ens.) |
| ± 248 | ± 195 | Klagtes in totaal waaraan aandag gegee is. |
| Ander: Verlore/gevonde goedere, verlore honde, oop voertuie, sleutels in voertuie toegesluit, waterlekke, straatligte buite werking, mediese gevalle, brand, motorongelukke, huisbraak, diefstal gewoon, diefstal uit motor, ens. | | |

## B. Misdaadverslag

**Kontakmisdaad:**

| | |
|---|---|
| Moord / Poging tot Moord | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Huisroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Besigheidsroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met 'n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met 'n ander wapen as 'n vuurwapen | **JSRA-omgewing:**<br>Daar is een voorval deur 'n derde party onder die JSRA se aandag gebring. Die klaer kon tot op hede nog nie opgespoor word nie.<br>Na bewering het die klaer in die Jonkershoekvallei gedraf. Hy is genader deur verdagte persone gewapen met 'n mes. Die verdagtes het sy selfoon en ander items geneem en gevlug. Die voorval het na bewering op 'n Sondagoggend plaasgevind. Geen verdere inligting is bekend nie. |
| Roof Gewoon | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Verkragting/Seksuele Aanranding | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Openbare onsedelikheid | Geen voorval is aangemeld nie. |

**Eiendoms verwante misdaad:**

| | |
|---|---|
| Huisbraak | **JSRA-omgewing:**<br>Een huisbraak-saak is onder die JSRA se aandag gebring. Die voorval het in die Jonkershoekvallei aangrensend aan Uniepark plaasgevind. Na bewering is die klaer se fiets uit 'n houthuisie geneem deur die venster oop te forseer. Verdagte/s onbekend. |
| Diefstal van Motorvoertuig / Motorfiets | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Diefstal uit / vanaf 'n voertuig | **JSRA-omgewing**<br>Daar is een diefstal uit 'n voertuig onder JSRA se aandag gebring. Die voorval het na bewering op 'n Donderdagmiddag in die Uniepark-omgewing plaasgevind. Die klaer het by sy woning gestop. Sy voertuig was nie gesluit nie. Die klaer het later opgemerk dat sy skootrekenaar uit die voertuig gesteel is. Verdagte/s onbekend.<br>**Die Laan-omgewing:**<br>Twee voorvalle is onder JSRA se aandag gebring. Een voorval was 'n poging gewees. Die een voorval het 'n Maandagnag plaasgevind en die ander voorval op 'n Donderdag gedurende die dag. Geen verdagte/s bekend. |
| Diefstal Gewoon | **JSRA-omgewing:**<br>Daar is twee voorvalle van diefstal gewoon onder JSRA se aandag gebring. Beide voorvalle het in die Mostertsdrift-omgewing plaasgevind.<br>By die een voorval is 'n dame se selfoon uit haar handsak gevat terwyl sy besig was met inkopies. Die videomateriaal is nagegaan, die verdagte voertuig is geïdentifiseer en inligting is gestoor vir verdere ondersoekdoeleindes.<br>By die ander voorval het die klaer gesien dat 'n persoon 'n winkeltrollie neem en wegstap. Die klaer het die klagte deurgegee en die persoon met die winkeltrollie is gevind. |
| Bedrog | Geen voorval is aangemeld nie.<br>Wees asb steeds bedag vir verdagtes wat hulle voordoen as sekuriteitsbeamptes en eis dat inwoners / toeriste dagpasse of stappasse moet uitneem om in die strate te stap. Die verdagtes is geklee in swart sekuriteitsuniforms en op die pet staan groot 'sekuriteit'. Rapporteer asb verdagte aktiwiteite onmiddellik! |

Die volgende sake is ook onder ons aandag gebring:

**JSRA-omgewing:**

Een aanranding gewoon-saak op 'n Sondagoggend in die Jonkershoekvallei, wat gepaard gegaan het met gesinsgeweld.

**Die Laan-omgewing:**
Daar was verskeie voorvalle net buite die area, waarna die JSRA sekuriteitsbeamptes dan die verdagtes op die grens of binne Die Laan-omgewing aangekeer en gearresteer het. Met een van die arrestasies was ander sekuriteitsvennote ook betrokke en het hulle bystand verleen.
(sien bo by sekuriteitsaktiwiteite)

## C. Misdaad aangrensend aan die JSRA (nie JSRA-area nie)

Wees asseblief op jou hoede as jy die volgende omgewings besoek.

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum aangrensend aan die JSRA | Daar is een voorval van bedrog onder die JSRA se aandag gebring. Die dame het by die winkelsentrum gestop om inkopies te gaan doen. Sy is voorgekeer deur 'n 'beampte' wat haar meegedeel het dat sy moet betaal vir die parkering. Die 'beampte' het haar na die OTM geneem, waarna nog 'n verdagte persoon bygekom het. Hulle het die dame se bankkaart gegryp en in 'n wit Toyota Corolla gevlug. Wees asb. bedag by alle OTM's vir OTM-bedrog/roof. |
| Botmaskop/African Valley | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie |
| Helshoogtepad | Daar is twee voorvalle, een van huisbraak en een van diefstal vanaf 'n voertuig onder JSRA se aandag gebring in die omgewing van die munisipale depo op die Helshoogtepad.<br>Daar is ook 'n poging tot gewapende roof op die Helshoogtepad naby die ingang van African Valley gerapporteer. Twee verdagtes het gepoog om 'n klaer se fiets af te neem, maar het nie daarin geslaag nie. Die verdagtes het gevlug. Verdagtes onbekend. |
| Bergpad agter Coetzenburg \ Coetzenburg-omgewing | Daar is verskeie sake van diefstal gewoon, diefstal uit 'n voertuig/e en diefstal van voertuig/e in Suidwalstraat omgewing onder ons aandag gebring. Wees asb bedag as u, u voertuig daar parkeer en haal alle waardevolle items uit die voertuig. |
| Jan Maraispark-omgewing | Een voorval van diefstal van 'n voertuig is in die Maraisstr-omgewing onder ons aandag gebring. Geen spesifieke tyd tendens nie. Verdagte/s onbekend. |

Wees asseblief bedag as jy hierdie omgewings besoek en MOENIE ALLEEN OF IN KLEIN GROEPIES gaan stap / draf / fietsry nie, maar gaan verkieslik in groot groepe. Wees ook bedag by alle OTM's wanneer jy geld trek.
Neem asb kennis dat Diefstal uit voertuie en Diefstal van voertuie in die Stellenbosch area toeneem. Haal asb alle waardevolle items uit u voertuig en maak seker u voertuig is gesluit.

**D. Spesiale versoek en wenke**

Inwoners word weereens versoek om asseblief alle sake by die SAPD aan te meld.

Daar word ook 'n baie ernstige beroep op inwoners gedoen om bedag te wees by alle OTM's. Indien enige ongerymdhede vermoed word, kanselleer onmiddellik die transaksie en indien jy nie jou kaart terugkry nie, kanselleer onmiddellik jou kaart by jou bank.

Wees asb ook bedag vir verdagtes wat hulle voordoen as sekuriteitsbeamptes en eis dat inwoners / toeriste dagpasse of stappasse moet uitneem om in die strate te stap. Verdagtes is geklee in swart sekuriteitsuniforms en op die pet staan groot 'sekuriteit'. Rapporteer asb verdagte aktiwiteite onmiddellik!

**Maak asb seker dat jy die regte nommer het vir die Jonkershoek SRA se beheerkamer:**
**JSRA BEHEERKAMER - 062 027 1601**

**Vriendelike groete**
**JSRA Bestuur**

## A. Security Activities

The JSRA Security officers achieved the following successes:

Campus Security informed JSRA that a suspect has stolen a wheel from a bicycle. The JSRA vehicles offered support and found the suspect in the vicinity of Van Riebeeck Str. The suspect was caught with the wheel in his possession. The JSRA Security officials handed him over to Campus Security.
The complainant in the case was also traced, but unfortunately decided not to open a criminal case.
The suspect was warned and allowed to go.

The JSRA Security officers also rendered support to the SAPS regarding a suspect that was wanted for attempted murder in the Jonkershoek Valley area. The JSRA Security officers traced the suspect, contacted the SAPS and handed the suspect over to the SAPS.

JSRA received information on the Stellenbosch Reaction Group that security partners search for two suspects who broke into a vehicle in the Dalsig area.
The two suspects were apprehended in cooperation with the Security partners. The JSRA officer at the scene recognised one of the suspects as the person who was also involved in the theft of a bicycle in the Mostertsdrift area. The suspect was handed over to the SAPS and the information regarding the case was also submitted to the SAPS. The suspect was also arrested for the theft of a bicycle in the Mostertsdrift area.

The JSRA officers also rendered support with a suspect who was presumably involved in the theft of a bicycle. While working on this case, one of the JSRA officers also noticed a woman who was suspected of theft of a cell phone from a shop. The owner of the shop was contacted and the suspect was handed over to the SAPS.

The JSRA was also contacted by a shop owner requesting help to bring back his shopping trolley that was taken by a suspect. The suspect was found with the trolley and handed back to the owner of the shop.

JSRA saw another request from the Stellenbosch Reaction Group for support. The JSRA officers and other partners rendered support to arrest three suspects who were involved in cable theft. They were handed over to the SAPS.

An incident of theft general was also reported to the JSRA. The suspect took the complainant's cell phone from her handbag while she was shopping. The owner of the shop informed the JSRA. Video material was reviewed and a possible suspect vehicle was identified. The video material was saved for possible further investigation purposes.

| February 2024 | | |
|---|---|---|
| **JSRA** | **Avenue Area** | **Complaints** |
| ± 129 | ± 132 | Suspicious persons (including wanderers, beggars, hawkers, etc.) |
| ± 28 | ± 7 | Suspicious vehicles |
| ± 37 | ± 5 | Open gates / garage doors / safety doors / house doors |
| ± 39 | ± 12 | Suspicious activities (barking dogs, alarms, etc.) |
| ± 248 | ± 195 | Complaints in total to which attention was given. |
| Other: lost/found goods, lost dogs, open vehicles, keys locked in vehicles, water leaks, street lights out of order, medical cases, fire, car accidents, house-breakings, common theft, theft from a car, etc. | | |

## B. Crime report

### Contact crime:

| | |
|---|---|
| Murder / Attempted murder | No incident reported. |
| House robbery | No incident reported. |
| Business robbery | No incident reported. |
| Armed robbery with a firearm | No incident reported. |
| Armed robbery with a weapon other than a firearm | **JSRA area:**<br>One incident was brought to the attention of the JSRA by a third party. Up till now we have been unable to track the complainant.<br>According to the report the complainant jogged in the Jonkershoek Valley. He was approached by suspect persons armed with a knife. The suspects took his cell phone as well as other items and fled. No injuries. According to the information received the incident occurred on a Sunday morning. No further information is available. |
| Common robbery | No incident reported. |
| Rape / sexual assault | No incident reported. |
| Public indecency | No incident reported. |

**Property related crime:**

| | |
|---|---|
| House-breaking | **JSRA area:**<br>One incident was brought to our attention. It occurred at the border where the Jonkershoek Valley and Uniepark area meet. According to the report, the complainant's bicycle was stolen from a wooden shed, where a window was forced open. Suspect/s unknown. |
| Theft of motor vehicle / motor cycle | No incident reported. |
| Theft from / out of a vehicle | **JSRA area**<br>One incident of theft out of a vehicle was brought to our attention. The incident occurred in the Uniepark area, on a Thursday afternoon. The complainant parked at his house but did not lock his vehicle. He later discovered that his laptop was stolen from the vehicle. Suspect/s unknown.<br>**The Avenues area:**<br>Two incidents were reported to the JSRA. One of the incidents was only an attempt. The one incident occurred on a Monday night and the other on a Thursday during the day. Suspect/s unknown. |
| Theft general | **JSRA area:**<br>Two incidents were reported to the JSRA, both occurring in the Mostertsdrift area. In one incident a lady's cell phone was taken from her handbag while she was shopping, The video material was reviewed and the suspect vehicle was identified. The information was saved for further investigation purposes.<br>In the other incident the complainant saw someone took a shopping trolley and walked away. The complainant reported the incident, the suspect was found and the trolley was returned to the shop. |
| Fraud | No incident reported.<br>Please remain on the alert for suspects who present themselves as security officers who claim that residents / tourists are compelled to have day passes or walking passes which permit them to walk in the streets. The suspects are dressed in black security uniforms and on their caps 'Security' is clearly written. Please immediately report any incident of this kind. |

The following cases were also brought to our attention:

**JSRA area:**
One incident of common assault occurred on a Sunday morning in the Jonkershoek Valley. It is related to domestic violence.

**The Avenues area:**
Several incidents occurred just outside this area, and JSRA security officers then arrested the suspects on the border or just outside the Avenues area. In one incident other security partners were also involved and rendered support.
(Reported earlier under security matters)

## C. Crime in areas adjacent to the JSRA (not JSRA area)

Please be on the alert when you visit the following areas.

| | |
|---|---|
| Shopping centre bordering the JSRA | One incident of fraud was reported to the JSRA. A lady stopped at the shopping centre to do her shopping. She was confronted by an 'officer' who told her that she was obliged to pay a parking fee. The 'officer' took her to the ATM, where another suspect person joined them. They took the lady's banking card and fled in a white Toyota Corolla.<br>Please be on the alert at all ATMs for ATM fraud. |
| Botmaskop/African Valley | No incident reported. |
| Helshoogte Road | Two incidents were reported to the JSRA, one of house-breaking and the other of theft from a vehicle. They occurred in the vicinity of the municipal depot on the Helshoogte Road.<br>An incident of armed robbery near the entrance of African Valley was also reported to us. Two suspects attempted to rob the complainant of a bicycle, but fortunately they were not successful. The suspects fled and are unknown. |
| 'Bergpad' behind Coetzenburg \ Coetzenburg area | Several incidents of theft general, theft out of vehicle/s and theft of vehicle/s were reported in the vicinity of Suidwal Street.<br>Please be vigilant when you park your vehicle in the vicinity. Do not leave any valuable items in your vehicle. |
| Jan Marais Park area | One incident of theft of a vehicle in the Marais Street area was brought to our attention. No specific tendency of time. Suspect/s unknown. |

Please be on the alert when you visit these areas and NEVER GO ON YOUR OWN OR IN SMALL GROUPS when you hike / jog / cycle. You should preferably go in large groups.
Please be on the alert at all ATMs when you withdraw money.
Please note that Theft out of vehicles and Theft of vehicles are increasing in the Stellenbosch area. Please remove all valuables from your vehicle and make sure your vehicle is locked.

**D.** **Special request and hints**

Residents are again requested to report all cases to the SAPS.

Residents are also seriously requested to be on the alert at all ATMs. If any incongruity is suspected, immediately cancel the transaction. If your card is not returned, immediately cancel your card at your bank.

Also please be on the alert for suspects who pretend to be security officers and who demand that residents / tourists carry day passes or tourist passes in order to walk in the streets. Suspects are dressed in black security uniforms and on the cap 'Security' is written. Please immediately report suspicious activities.


**Please make sure that you have the correct number for the JSRA Control Room :**
**JSRA CONTROL ROOM - 062 027 1601**


**Best regards**
**JSRA Management**


# MISDAAD | CRIME BULLETIN

**Februarie | February 2024**

## JSRA - Misdaadgrafieke/ Crime Charts






Neem asb. kennis dat dit nie amptelike SAPD statistiek is nie, maar statistiek wat deur die JSRA bygehou word. (pogings ingesluit)
Please note that this is not official SAPS stats, but stats that have been compiled by the JSRA (including attempts).